

## **Mac Kuhn**

**Wat het jou gemotiveer om die werk met ouers te begin / te doen?:** Die eenvoudigheid en doeltreffendheid van die kursus. Asook om die mite te breek by die ouer 'dat die skooljuffrou die kind se eerste juffrou is'. Dit is wonderlik om te sien hoe die ouer hierop reageer as hulle hoor hulle is die kind se heel eerste juffrou.

**Wat inspireer jou om aan te hou met die werk?:** Die selfvertroue en positiewe verandering wat ek in kind sowel as ouer ervaar en sien

**Noem 'n paar dinge wat jy as gevolg van die werk geleer het:** Enige persoon kan die kursus doen. As jy kan sien en hoor, dan kan jy dit doen. Hoe die kursus ouers se sienswyse verander oor hulle kind se ontwikkeling.